- **Help die Kind** is 'n projek wat Hoërskool Randburg en Sharonlea Primary in staat stel om die nood van behoeftige kinders te verlig.
- **Ekklesiapark Tuiste vir Bejaardes** word met bydraes en fisiese hulp ondersteun om die verbly van bejaardes meer aangenaam te maak.
- **Bybels** word deur 'n subsidie-stelsel teen 'n bekostigbare prys in 'n verskeidenheid tale beskikbaar gestel stel sodat lidmate dit oral kan versprei. Alda Laubscher (083 434 7160) koördineer hierdie projek.
- **Bejaardesorg in die gemeente** geskied deur 'n "*aanneem-aksie*" sodat ouer mense met spesifieke behoeftes deur ander lidmate versorg word. Heloïse Honiball (072 702 8723) is die sameroeper van die aksie.
- **Emmers Vol Liefde** is 'n projek wat verwaarloosde bejaardes in die groter Wesrand-area versorg. Hulle aanvaar skenkings soos klere, kos en enige huishoudelike artikels. Betsie Stokes (011 956 6555) is die kontakpersoon. Meer inligting op www.emmersvolliefde.co.za.
- **Tutela Linden** is die NG Kerk se amptelike welsynsdiens met 'n kantoor op ons kerkperseel. Die weeklikse sopkombuis en deurlopende kosspens is grootliks afhanklik van ons ondersteuning.
- **Weeklikse sopkombuise** in Cosmo City, Orange Farm en Randfontein-plakkerskamp word deur die gemeente befonds.
- **Kersfees kardoese** is 'n vlagskip-projek waarmee vreugde in soveel as 300 mense se lewens gebring word. Die wynveiling in Augustus samel fondse hiervoor in.
- **TUC Lesotho** is 'n nuwe uitreik-vennoot. Die aksie versprei lewensvoorraad en die Woord aan sowat 1800 mense in afgeleë dorpies. George Dowse (082 611 6023) is die gemeente se skakelpersoon.
- Weeklikse **geestelike versorging** word by die Olivedale Aftreeoord en Woodlands Hospice in Presidentrif gedoen.
- **Platform** is 'n nuwe inisiatief wat formele persoonlike ondersteuning en motivering bied aan werksoekers sodat die proses meer effektief gedoen kan word. Geoff Dodd (083 419 2013) lei die projek.
- **Ferncare Trauma Centre** by die Randburg Methodist Church is ook 'n sorgvennoot en word op verskillende maniere ondersteun.
- **Love Thy Neighbour (LTN)** is 'n uitgebreide inligtingsplatform wat in die naby toekoms al hierdie projekte professioneel gaan bemark met die doel om meer ondersteuning en fondse daarvoor te bekom.

Voetspore van liefde

– só leef God se gemeente –

NG Kerk **Randburg**

groei. behoort. dien

h/v Doverstraat en Vinelaan, Ferndale, Randburg

011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za

http://www.ngrandburg.org

http://www.facebook.com/ngkerkrandburg

"... soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook ... en waar julle is sal Ek ook wees ... en so sal julle My verheerlik ... "

Die gemeente van God in Randburg wil gedurig onderskeidend en gehoorsaam bly luister na hierdie opdrag en belofte van Jesus Christus ... want op dié manier bly ons **Sy voetspore van liefde** trap ... in ons **groei** in die geloof, in die manier waarop ons aan mekaar **behoort** en op al die terreine waar ons as gelowiges **diens** lewer ...

Die gemeente bied verskillende geleenthede waardeur lidmate van alle ouderdomme kan bly groei in hulle geloof om as God se kinders tot Sy eer te bly lewe ...

- Die **weeklikse Sondagdiens** om 09:00 is 'n eietydse gebeurtenis waar die Woord, verskillende vorme van aanbidding musiek saam met gepaste simbole en geloof gewoontes 'n besondere tyd van ontmoeting met God en Mede-gelowiges skep.
- Verskeie **Woordgroepe** kom deur die week byeen maar daar is altyd ruimte vir lidmate wat wil aansluit of nuwe groepe wil vorm.
- 'n **Gebedsbediening** skep deur 'n gebedsketting en ander aksies plek vir saambid en voorbidding doen vir verskillende sake en mense. Mynhardt Kapp (082 570 4309) neem die leiding in hierdie aksie.
- 'n **Musiekgroep sowel as 'n sanggroep** gee hulle gawes in diens van die gemeente se aanbidding. Lidmate wat bedrewe is met musiekinstrumente of lief is vir sing kan hierdie groepe versterk. Siegfried Pretsch (082 448 9534) is as orrelis hiervoor verantwoordelik.
- **Ouderdoms gerigte jeug aksies** wil kinders in die geloof help groei. 'n Kleuter- en klein kerk vir die jonger kinders vind tydens die erediens plaas. Groter kinders se kategese klasse volg die weeklikse Woord-tema van die gemeente en vind alternatiewelik tydens en na die erediens plaas. Die verhouding tussen kategete en kinders is baie kosbaar en byeenkomste word gesprek matig ingerig. Daneel Lombaard (084 848 7777) is verantwoordelik vir die leiding en beplanning van hierdie werk.
- 'n **Gemeente-Groei dag** in September maak ruimte vir lidmate se uiteenlopende behoeftes en wil elkeen beter toerus om getrou en bruikbaar as Christene in die wêreld te leef – te midde van moeilike omstandighede en groot uitdagings.

Die vrede wat Christus vir gelowiges deur Sy verlossing gebring het vind uitdrukking in die manier waarop lidmate in liefde aan mekaar behoort in die gemeente ...

- Verskillende **omgeegroepe** wat lidmate se lewensfase in ag neem leef die gemeente se roeping van groei, sorg en dien uit. Weeklikse of twee-weeklikse byeenkomste skep 'n ruimte waar daar saam gepraat en gebid word, na mekaar geluister word en hande gevat word om by 'n diens projek betrokke te wees. Die kerkkantoor sal graag meer inligting oor die profiel en tye van die groepe verskaf.
- **'**n Groot aantal lidmate is steeds deel van **wyke** waar wyksleiers met kwartaallikse besoeke en ander maniere van kontak die band tussen gelowiges bly versterk. Die noodsaak vir lidmate - wat oor 'n besonder wye geografiese gebied versprei is – om aan mekaar te behoort bly vir die gemeente 'n prioriteit.
- Spesifieke **behoort-aksies** bestaan ook vir belangegroepe soos ouers met kleiner kinders en die ouer lidmate wat nie meer geredelik by die gemeente se aktiwiteite kan inskakel nie.

Die liefde waarmee ons as God se kinders geseën word bring die nuwe Christus-geaardheid om te wil dien ... of dit in die gemeente, die bekende omgewing of selfs baie ver is ...

Die gemeente is betrokke op verskillende terreine – op 'n direkte manier deur lidmate wat tyd, gawes en fondse gee vir spesifieke projekte of in vennootskappe met ander kerke en organisasies wat op terreine werk wat ons na aan die hart lê. Elke aksie bied ruimte vir lidmate om dadelik op verskeie maniere betrokke te raak. Die kerkkantoor het die kontakbesonderhede en meer inligting oor al hierdie projekte.

- Die gemeente werk aktief saam met **MES** (Metro Evangeliese Sorg) wat die nood van die middestad van Johannesburg op besondere maniere aanspreek. Die grootste deel van die jaarlikse Winterhoop-bydraes word aan die aksie geskenk
- **Abraham Kriel Kindersorg** is een van die gemeenste se oudste vennote. Huise word op verskillende maniere ondersteun om die omstandighede vir kinders meer aangenaam te maak. Kinders word ook geborg om die jaarlikse *Pantomine* in die Civic Theatre by te woon.